

7 Mei

Jesaja 28:23-29

(Teks: 28:27)

God sal u nie stukkender laat breek as wat nodig is nie

Ons laat ons soms wys maak dat ons lot erger is as enige ander mens s'n.

Ons swyg dan ook nie daaroor dat as iemand 'n onherstelbaar-aanskerwegeslaanderampmens wil sien, hulle gerus maar net na my moet kyk nie... ek is stukkender as enige ander persoon rondom my.

En dan lê die klem veral op die "onherstelbaar beskadigde ek". Goddank, u hoef nie langer in hierdie dwaasheid vasgevang te bly leef nie. Hoe heerlik verseker God ons nie in sy Woord nie: Jy mens, word nie stukkender gebreek as wat nodig is vir jou nie.

In die dorsproses van God moet sommiges soos koring op die dorsvloer onder die slee of wawiele en perdehoewe deurloop. Vir 'n koringkorrel is daar nie 'n ander uitweg nie. Die doppie rondom die korrel kan nét op hierdie manier gekraak word, sodat die vrug van die koringkorrel bruikbaar kan word. As die Here nie die klipharde dop van sonde rondom ons breek nie, sal sy vrug ook nooit in ons groei nie.

Maar God wéét wie moet soos koringkorrels op die dorsvloer beland en wie moet soos komyn maar net liggies met 'n stok uitgetik word.

Maar of u nou komyn is of koring, wees van één saak verseker: U Here en God is slegs met één doel met u besig: dat die vrug van u lewe al duideliker na vore kan kom en u al bruikbaarder word in sy koninkryk.

Hy sal u nie stukkender laat breek as wat vir u ewige verlossing nodig is nie.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)